# WAAR DIE VAN RENSBURGTREK IN 1836 VERMOOR IS

deur dr. W. H. J. Punt.

Die trek van Johannes Hendrik Janse van Rensburg — bygenaamd Lang Hans — het vroeg in die jaar 1835 die Oostelike Provinsie verlaat en noordwaarts na Zoutpansberg koersgevat. Sy trek het uit 49 blanke persone en 'n aantal kleurlingbediendes bestaan. Die geselskap het met 9 waens, ongeveer 500 beeste, 'n paar duisend skape en 'n aantal perde gereis. Aan die Caledonrivier het die Boere in verbinding gekom met die trek van Louis Trichardt wat ook op weg na die verre noorde van Transvaal was.


Nadat die twee trekke 'n paar maande aan die Caledon vertoef het, is die trek van Van Rensburg vooruit na die Vaalrivier en in Januarie 1836 het beide trekleiers met hul volgelinge op die regterwal van die Vaalrivier naby die huidige Standerton uitgespan. Hiervandaan het die twee trekke gesamentlik verder gereis en oor die teenswoordige Middelburg na die Strydpoortberge getrek waar hulle in April 1836 'n tiental dae gekampeer het.

Nog in dieselfde maand besluit Van Rensburg om verder noord te trek, nadat hy en Louis Trichardt oor ammunisie en die pad 'n meningsverskil gehad het.[1] Die Van Rensburgers was steeds op die jag uit en Trichardt het gemaan dat hulle hul ammunisie moet spaar, maar Van Rensburg antwoord dat hy mans genoeg is om vir sy eie trek te sorg. Die twee trekleiers het hier uitmekaar gegaan en die bergreeks waar hulle gestaan het, het later as die Strydpoortberge bekend geword.[2]

Van Rensburg trek toe deur Pienaarspoort na die Zoutpansberg waar hy teen die begin van Mei 1836 aankom. Daarna het sy trek al langs die suidelike hange van die Zoutpansberg oos getrek en teen die middel van Junie was die trek reeds naby Masjou op die hedendaagse plaas Welgevonden tydelik gevestig.[3] Hier het die Boere vir 'n paar weke gekampeer en die omgewing verken.

Louis Trichardt en sy mense het pas teen die einde van Mei by die Soutpan aangekom en daar gekampeer. Van Rensburg was reeds op soek na 'n pad

1. Die Van Rensburgers het steeds kruit by Trichardt kom leen wat ook aanleiding tot woordewisseling gegee het.
2. Punt, Louis Trichardt se Laaste Skof, p. 63.
3. Die plaas van mnr. W. v.d. Merwe. Kampplek is aangewys deur mnr. Piet Moller.


VOORTREKKERROETES DEUR DIE KRUGER WILDTUIN
VOLGENS DIE NAVORSING VAN DR. W. PUNT.
VOORTREKKER ROUTES THROUGH THE KRUGER PARK
ACCORDING TO THE RESEARCH OF DR. W. PUNT.
Verklaring:- Reference:-
L. Trichardt Patrollierit
L. Trichardt in search of Van Rensburg. 29/7 — 16/8/1836
J. van Rensburg Trek Jul. 1836
A.H. Potgieter en J.G.S. Bronkhorst Verkenning na Sofala
A.H. Potgieter and J.G.S. Bronkhorst Exploring to Sofala
Beira
Jul. — Aug. 1836
Terrein van Van Rensburg Moordplek
Site of Van Rensburg Massacre
Myl 10 5 0 10 20 30 Miles
ROETES GEVOLG DEUR DIE PARKERAAD-EKSPEDISIE, SEPT. 1959.
ROUTES FOLLOWED BY THE PARKS BOARD EXPEDITION SEPT. 1959.
BYKAART
INSET
Sofala (Beira) 210 Myl
Inhambane 150 Miles
SUID-RHODESIA
SOUTHERN RHODESIA
SOUTPANSBERGE
LEBOMBOBERGE
STRYDPOORTBERGE
NASIONALE KRUGERWILDTUIN
KRUGER NATIONAL PARK
TENDEVLAKTE
LIMPOPORIVIER
RIO LIMPOPO
RIO DOS ELEFANTES
GROOT-LETABARIVIER
OLIFANTSRIVIER
Messina
Pafuri
Chicualacuala
Mapai
Combomune
Masambo
Mapacane
Massingire
Balule
Lourenço Marques
Letaba
Letaba Ruskamp
Shingwidzi Ruskamp
Punda Maria Ruskamp
Klopperfontein
Shilowapoort
Louis Trichardt
Pietersburg
Bandelierkop
Soekmekaar
Sibasa
Tshakhuma
Valdezia
Gevonden
Elim
RIVOLA
Djindi
Julie 1836
30/7 — 16/8/'36
15/8/'36
30/7/'36
31/7/'36
1/8/'36
2/8/'36
3/8/'36
4/8/'36
5/8/'36
6/8/'36
7/8/'36
8/8/'36
9/8/'36
10/8/'36
11/8/'36
12/8/'36
13/8/'36
14/8/'36
Driehoeksmetingkantoor 1960
Trigonometrical Survey Office 1960
KOPIEREG DR W PUNT
COPYRIGHT

na Delagoabaai en was by Masjoukop uitgespan.[4] Die twee trekleiers het egter met mekaar in voeling gebly want Trichardt kon later aan die Portugese in Lourenco Marques laat weet dat die Van Rensburgers in Juliemaand uit die Zoutpansberg na Lourenço Marques vertrek het.[5] By die Soutpan het Trichardt op kommandant A. H. Potgieter gewag om planne vir die toekoms te bespreek.

Die twee leiers het 'n ooreenkoms gehad om die gebied in die verre noorde vir nedersettingsdoeleindes te verken. Die patrollies van A. H. Potgieter en J. G. S. Bronkhorst het op 24 Junie 1836 by Trichardt se kamp aangekom. 'n Paar dae later het hulle langs die suidelike helling van die berg die pad na die hawe van Sofala gaan verken. Vier dae na hulle Trichardt verlaat het was die elf man by Masjou waar Van Rensburg se kamp kort vantevore gestaan het. Maar Van Rensburg was reeds die laeveld in en aan die ooswaarts trek sodat die twee groepe mekaar nie ontmoet het nie.[6]

Die patrollie van elf man het van Masjou noordoos na die Makondeberge gery en die Limpopo- en Uanetsiriviere gekruis om tot aan die diep en breë Sabierivier by Massengena te vorder. A. H. Potgieter en sy manne het dus net die uiterste suidooshoek van die hedendaagse Suid-Rhodesië deurkruis en was nie naby Zimbabwe nie. Van Massengena aan die Sabie het die inboorlinge die patrollie die groot handelsvoetpad tussen Sofala en Zoutpansberg gewys. Daarna het inboorlinggidse die Boere vir 'n groot afstand op die terugpad na die Limpopo begelei. Hierdie voetpad het suidwes oor Klopperfontein, Punda Maria, verby Schuinshoogte na Masjou gelei.[7] Teen die einde van Julie was die patrollie weer by Trichardt aan die Soutpan tuis. Potgieter kon nie dadelik huistoe na die Vrystaat vertrek nie omdat Louis Trichardt en 'n paar ander mans die Van Rensburgers wou gaan opspoor. Dit is 'n bewys dat die patrollie nooit in aanraking met die Van Rensburgers was nie.

Dit is ons vermoede dat gerugte van die moord op Van Rensburg die Voortrekkers bereik het en dat gerugte die aanleidende oorsaak van Trichardt se patrollierit agter Van Rensburg aan was. Die moontlikheid bestaan ook dat A. H. Potgieter sy besluite ten opsigte van die nuwe land aan die Van Rensburgers wou bekend maak om hulle te beweeg om in Zoutpansberg te bly. Beide opvattings verklaar die groot haas waarmee die Patrollie Van Rensburg agterna gegaan het.

Hier volg nou Trichardt se potloodaantekeninge van sy rit, soos dit in sy

4. Ek twyfel daaraan of Van Rensburg ooit by die Soutpan gestaan het.
5. Preller, Dagboek van Louis Trichardt, p. 40.
6. Indien hulle wel ontmoet het dan sou J. G. S. Bronkhorst dit gemeld het omdat twee van sy broers by Van Rensburg was.
7. Feitlik dus die huidige grootpad van Louis Trichardt na Pafuri in die Wildtuin. Dit is die oeroue pad vanuit Noord-Transvaal na die Ooskus.

dagboek aangeteken staan. Die soektog is deur Louis en Karel Trichardt en drie lede van die Potgieterpatrollie naamlik, J. G. S. Bronkhorst, J. Robbertse en A. Swanepoel onderneem.[8] Dis kort en beknopte aantekeninge wat klaarblyklik op die rit self gehou is waarvan die eerste aantekeninge met 1 Augustus 1836 begin toe die soektog reeds twee dae aan die gang was.

| | |
|---|---|
| 30 (?) Julie 1836 ...... ...... | Vertrek van die Soutpan. |
| 31 (?) Julie 1836 ...... ...... | tot? |
| Den 1 Aougus 1836 ...... | is wij gereden? 8½ uur tot aan die tweede verlies. |
| Den 2 dito ...... ...... ...... ...... | tot aan de buffelslaagten, 7 uur. |
| Den 3 Aougus ...... ...... ...... | tot de Santrivier, 8 uur. |
| Den 4 ...... ...... ...... ...... ...... | tot Grootriviers drif. 6½ uur. |
| Den 5de ...... ...... ...... ...... ...... | tot de eerste Knopneus kaptyn, 6 uur tien minuten. |
| Den 6 ...... ...... ...... ...... ...... | tot de Inkoerie, 5½ uur. |
| den 7 ...... ...... ...... ...... ...... | tot Paddavontyn. 5¼ uur. |
| den 8ste ...... ...... ...... ...... | tot Olifantsbos 7½ uur; daar heb G. Bronkhorst een rooij bok geschooten. |
| den 9 ...... ...... ...... ...... ...... | tot Suur bier. 4½ uur, daar is de derde paard gebleven. |
| den 10de ...... ...... ...... ...... | tot Matibee tuyn. 5½ uur. Die dag is een Hartbees geschoten. |
| den 11 ...... ...... ...... ...... ...... | tot de Surubele. 6½ uur. |
| den 12 ...... ...... ...... ...... ...... | tot Sirities tuyn, 5⅓ uur. Heef Robberts een kameel geschooten om exspres een brief af te vaardigen aan Sybrand, maar om 10 uur den anderen dagh was wij nouwelijks klaar. |
| den 13de ...... ...... ...... ...... | tot aan de draaij, 6 uur heb wy een hartebees geschoten en een de been af; dog nie gekregen. |
| den 14 ...... ...... ...... ...... ...... | tot Massouw, 5¼ uur: daar heb ik Bap gelaten. |
| den 15de ...... ...... ...... ...... | tot de drif, 8 uur. |
| de 16de ...... ...... ...... ...... | tot na huis, 7 uur. |
| de 17de ...... ...... ...... ...... | is de Kommissie vertrokken. |

Tot hede is aangeneem dat 31 Julie 1835 die eerste aantekening van die patrollierit is. Dié jaartal is vir baie jare as 'n skryffout beskou en moes eintlik 1836 gelees het. Uit 'n noukeurige ondersoek van die oorspronklike dokument blyk dit dat die aantekening waarskynlik wel 1835 is en behoort tot die tyd voordat die mense in Transvaal was toe Trichardt êrens aan die

8. Die soektog het begin *nadat* Potgieter en Bronkhorst van die Sofalarit teruggekeer het en nie toe hulle by die Soutpan aangekom het nie. Sien Preller, Dagboek van Louis Trichardt, p. IXVII.

Caledon gestaan het.[9] Na ons mening het Trichardt se patrollie op 30 Julie 1836 die Soutpan verlaat.

Na jare van terrein- en dokumentêre navorsing om die Van Rensburg-raaisel op te los, het ons op 'n nuwe benadering van die probleem besluit, nl. indien ons die roete van Louis Trichardt se groot patrollierit kon bepaal, dan moes daardie roete ons tot by die moordplek bring. Louis Trichardt het op daardie rit tot in Sakana se kraal aan die Limpopo gevorder en ons weet dat die Van Rensburgmoord in die onmiddellike omgewing van Sakana se stat plaasgevind het. Ons moes dus vasstel waar die patrollie aan die Limpopo gekom het.

Na langdurige ondersoek het ons uiteindelik daarin geslaag om die patrollie se roete in kaart te bring. Tot ons groot verrassing het die roete aangedui dat Louis Trichardt op 4 Augustus 1836 in die omgewing van Masambo aan die Limpopo, by 'n plek wat hy „Grootriviersdrif" noem, gekom het.[10] Dit was 'n uiters sterk bevestiging van die dokumentêre gegewens wat almal daarop dui dat die moord in die rigting van die saamloop van die Olifants- en Limpoporiviere plaasgevind het, maar alvorens ons die roete verder bespreek sal die koers wat Van Rensburg ingeslaan het, nagegaan word.

Van Rensburg het kort na sy koms in Zoutpansberg reeds begin ooswaarts trek en in Junie 1836 het hy naby Masjou, op wat nou die plaas Welgevonden is, gestaan. Kaptein Masjou se kop was toe 'n bekende naturelle handelssentrum waar Portugese goedere aan die inboorlinge verruil is. Masjou se volk was dus goed op hoogte van die voetpaaie na die kus asook die ligging van die hawes Lourenço Marques, Inhambane en Sofala, waar hulle die goedere gaan haal het.

Van Rensburg het natuurlik by Masjou navraag gedoen oor die ligging van die hawes en handelspaaie. Daarna het hy by die Rivolakoppies digby Masjou 'n pad suidwaarts gaan soek, wat 'n aanduiding is dat Van Rensburg 'n pad na Delagoabaai gesoek het.[11] Dit word in Louis Trichardt se brief aan die Portugese in Lourenço Marques bevestig[12]. Dus toe Van Rensburg van Masjou wegtrek was sy doelwit die suidoostelik-geleë hawe Delagoabaai. Nou is die vraag: watter koers het hy ingeslaan om daardie hawe te bereik?

Om Lourenço Marques van Masjou te bereik kon die Van Rensburgers

---

9. Die datum het dus niks met die patrollierit te doen nie. Die veetelling wat op die bladsy verskyn is per abuis deur Preller op hierdie bladsy geplaas. Dit behoort by 'n ander pagina tuis. In iedere geval kon die 1836 aantekening nie op die patrollierit betrekking hê nie omdat daar die woorde staan „ben wij teruggetrokken" terwyl die patrollierit te perd reise aangeteken word as soveel ure „gereden".
10. Die vasstelling van baie van die plekname van die patrollieroete is aan die hulp en belangstelling van die amptenare van die Parkeraad te danke.
11. Naturelle-oorlewering vertel dat die Boere 'n pad by Rivolakoppies gaan soek het.
12. Preller, Dagboek van Louis Trichardt, p. 81.

een van die vier handelsvoetpaaie volg:

(a) Een pad het reg suid al langs die Drakensberg deur Komatipoort na Delagoabaai gegaan.

(b) 'n Tweede roete was die voetpad wat ooswaarts en effens suid van die Ysterberg, op die linkerwal van die klein Letabarivier na die Limpopo gegaan het.

(c) Die derde moontlike roete was die handelspad oor Pafuri na Sofala, wat by Pafuri op die walle van die Limpopo suidwaarts na Inhambane en Delagoabaai draai.

(d) Van Masjou het daar 'n vierde pad noordwaarts deur die Makondeberge na die Limpopo gelei en vandaar met die rivier af oor Pafuri na vermelde hawes.

Die Letaba-voetpad (b) is die mees-begaanbare pad vir waens. Groot gedeeltes van die pad gaan deur oop bosveld en met uitsondering van die Lebombo is daar geen berge om oor te gaan nie. Pad (c) het deur baie ruie terrein na Pafuri gegaan en is 'n groot ompad vir waens wat na Delagoabaai wil trek. Die moeilikste en langste van die paaie (d) was dié een oor die Makondeberge die Motalerivier af na die Limpopo. Hierdie voetpad gaan oor ruie en bergagtige terrein wat vir ossewaens baie moeilik begaanbaar is en in die Motalerivier is etlike groot driwwe.

Dis van betekenis om vas te stel langs watter roete die Van Rensburgers die Limpopo bereik het omdat die Voortrekkers in die omgewing van waar sy trek die rivier bereik het, vermoor is. 'n Ervare veldsman soos Van Rensburg het net soos enige ander trekker natuurlik die kortste en maklikste koers ingeslaan, wat ongetwyfeld die pad tussen die Ysterberg en Klein Letaba na die Limpopo is.

Vanaf die randjies by Masjou en Elim kry 'n mens 'n pragtige vergesig oor die laeveld tot aan die Lebomborand. Op 'n helder dag kan 'n mens met 'n verkyker die hele gebied en die paaie tot in die Wildtuin duidelik sien. Van Rensburg het ook vanaf die randjie by Masjou die koers na Delagoabaai in oënskou geneem. Vir hom sou dit opvallend gewees het dat die pad ooswaarts langs die Klein Letaba af 'n betreklike oop wêreld vir waens aanbied. Dit is dus verstaanbaar dat sy trek hierdie koers na die Limpopo ingeslaan het.

Toe Jan Pretorius maande daarna tot die moordplek gevorder het, het hy op sy terugreis aan Trichardt laat weet dat hy 30 skofte van hier was, d.w.s. van waar die Kurulen-sendingstasie nou is tot aan die Limpopo.[13] Dertig skofte beteken 'n afstand van 30 x 5.3 myl of ± 160 myl[14] en in werk-

13. Preller, Dagboek van Louis Trichardt, p. 28.
14. Punt, Louis Trichardt se laaste skof, p. 23-26. Hier word bewys dat 'n skofafstand van die Voortrekkers tussen 5 en 6 myl per dag was.

likheid is die afstand tussen die twee punte ongeveer 150 myl. Roete (b) kan in 30 skofte afgelê word en pas aan by Trichardt se aanduiding van sy kampplek „wy ben 5 of 6 dagen te voet van Sakana (aan die Limpopo) weswaarts"[15] as in ag geneem word dat naturelleboodskappers tussen 25-30 myl per dag aflê.

Maar om die datum van die moord te bepaal moet ons vasstel wanneer Van Rensburg en sy mense ongeveer van Masjou weggetrek het. Met behulp van die dagboek van Louis Trichardt en J. G. S. Bronkhorst se reisverhaal kan ons hierdie datum naasteby vasstel. Soos ons weet het die Van Rensburgers einde Mei 1836 vir 'n paar weke digby kaptein Masjou gestaan en hier gekamp totdat hulle na Delagoabaai koersgevat het.

Aan die Soutpan was Louis Trichardt op hoogte van Van Rensburg se reisplanne soos uit sy brief aan die Portugese blyk. Lang Hans het vir sy reisgenoot laat weet dat hy nie langer in Zoutpansberg gaan wag nie. Die Van Rensburgers was haastig om hul groot voorrade ivoor vir kruit, lood en kos te verruil en trek toe van Welgevonden weg. Kort daarna ry ander Boere oor die verlate kampplek.

Op 24 Junie 1836 het Potgieter en Bronkhorst by die Soutpan aangekom en na enkele dae rus in Trichardt se kamp, het die patrollie die verkenning van 'n roete na Sofalahawe voortgesit.[16]

Indien Bronkhorst weer op 27 Junie van die Soutpan weg is, moes sy patrollie vier dae later, ongeveer 30 Junie, teenoor Masjou verbygery het. Van Rensburg was toe reeds op trek anders sou Bronkhorst sy twee broers by Lang Hans gaan besoek het en dit in sy reisverhaal vermeld het. Hy skryf wel dat hulle die burger Louis Trichardt teëgekom het, maar maak geen melding van Van Rensburg nie. Hiervan moet ons aflei dat die Bronkhorst-patrollie nie die Van Rensburgtrek in Zoutpansberg teëgekom het nie.

Van Rensburg het dus voor 30 Junie vertrek, waarskynlik 'n hele paar dae voor die betrokke datum, en na ons mening ongeveer 25 Junie 1836. Toe Bronkhorst oor Welgevonden ry moes Van Rensburg reeds ver die laeveld in gewees het anders sou die patrollielede sekerlik hul familie by Van Rensburg gaan besoek het. Aan die einde van Julie is dieselfde partollie op hul terugreis na die Soutpan weer by Masjou verby. Weereens maak J. G. S. Bronkhorst se verhaal geen melding daarvan dat hulle die Van Rensburgers ontmoet het nie.

Soos uit Jan Pretorius se brief blyk was dit naasteby 30 skofte van Masjou tot by Sakana. Aangesien Pretorius drie skofte oos van Masjou gestaan het toe hy die brief geskryf het, beteken dit dat Van Rensburg 33 skofte van

15. Jan Pretorius se brief aan Trichardt sê dat hy 30 skofte tot by Sakana gereis het, d.w.s. van Kurulen. Van Welgevonden tot Kurulen is nog 3 skofte.
16. Punt, Louis Trichardt se Laaste Skof, p. 147.

Masjou af vermoor is, aangeneem dat dit 33 opeenvolgende skofte was, dan het die moord gedurende die laaste week van Julie 1836 plaasgevind.

Dit was Juliemaand toe Lang Hans en sy mense deur die laeveld getrek het. Orals was voldoende water en weiding vir hul vee en die Van Rensburgers het geen groot riviere gehad om deur te gaan nie. Wild was volop en op hul koers het weinig naturelle gewoon. Van Masjou trek Van Rensburg langs die linkerwal van die Klein Letaba na die huidige Krugerwildtuin en in daardie streek trek die Boere oor die Tendevlaktes na die Lebomborand.

Teenoor die Tendevlaktes is die Lebombo steil met net twee poorte waar ossewaens die rand kan deurtrek. Die een deurgang is Shilowapoort en die ander is die poort waar die Shingwedzirivier 'n pad na Mosambiek baan. Twaalf myl suid van Shilowapoort is Gorionnek waar waens die berg kan oorgaan maar aan die oostekant van die nek tot aan die Shingwedzi is die terrein vir ossewaens ontoeganklik.[17] Vir die koers wat Van Rensburg ingeslaan het is Shilowa die aangewese poort vir deurtog na die Limpopo. Die poort is wyd genoeg vir die waens en 'n paar myl deur die poort word die pad tot aan die Shingwedzi makliker begaanbaar.

Die Shingwedzi is in Portugese gebied 'n reuse sandrivier met weinig of geen water aan die oppervlakte. In die wintermaande is die rivier droog en alleen deur in die bedding te grawe is water verkrybaar. Op 'n paar plekke in die rivier is daar goeie driwwe in die Shingwedzi te kry, meesal is die rivier se walle steil of die bedding te sanderig. Van Rensburg het ons insiens na die welbekende groot drif in die rivier by Mapacane gemik en daar deurgetrek. Eenmaal deur die sanderige rivier, gaan die pad oor gelyke panwêreld reguit na die Limpopo. In hierdie veld is baie turf wat die pad in die reënseisoen haas onbegaanbaar maak soos Jan Pretorius ontdek het.

Van die Shingwedzi drif gaan 'n baie ou voetpad na die bekende groot drif deur die Limpopo by kaptein Masambo se stat. Ongeveer 5 myl voor die stad bereik word, verdeel die voetpad in drie paaie.[18] Een pad gaan noordoos na die Masambodrif, die middelste lei na die kaptein se stat en die derde gaan deur die Djindi om 'n myl verder deur die Limpopo by die handelspad na Inhambane aan te sluit.

Toe Van Rensburg uiteindelik 5 myl van die Limpopo was, het hy die voetpad na die Djindi gevolg omdat dit die kortste afstand na die Inhambane handelspad is, maar ook om die kraal van Sakana 'n paar myl te vermy.[19] Hier is die Djindi 'n klein riviertjie, ongeveer 30 voet breed met hoë steil walle. Alleen tydens die somermaande is daar water in die rivier anders is

17. In September 1959 het ons ekspedisie in twee Jeeps tot 20 myl oos van die nek gevorder maar moes toe weens die ondeurdringbare mopanebos terugdraai. Hoe moeilik die Lebombo-terrein hier is blyk uit die feit dat die Jeeps in 2 dae net 40 myl gevorder het.

18. Die jong kaptein Masambo het in September 1959 vir ons die paaie aangewys.

19. Die naturelle het die Parkeraadekspedisie die plek aangewys waar Sakana se stat tydens die moord gestaan het, nl. drie myl noord van die Djindi op die regterwal van die Limpopo.

dit net 'n droë kalkloop. Waar die voetpad deur die Djindi gaan is 'n moeilike drif met 'n kalkrotsbodem en hier het Van Rensburg se waens deur gesukkel.

Wie was kaptein Sakana? Oor hierdie vraag is baie geskryf en gestry. Uitvoerige betuigings is gelewer om te bewys dat hy in werklikheid 'n klein



Kopiereg: W. Punt.

'N UITERS SELDSAME FOTO VAN ANTJIE SCHEEPERS VAN DIE TRICHARDT-TREK.

*Sy was een van die eerste witvroue om deur die huidige Wildtuin te reis.*

---

20. B. H. Dicke in die Dagboek van Louis Trichardt, p. 349.

indoena, by Pafuri was.[20] Uit Trichardt se dagboek is dit egter duidelik dat Sakana in 1836-38 'n belangrike en invloedryke kaptein aan die Limpopo was.

Die Pretoriusfamilie, wie se grootvader Jan Pretorius met Trichardt getrek het, en ook by Sakana uitgekom het, skryf van kaptein „Sogana".[21] Klaarblyklik is dit 'n afkorting van Shoshogana — wie se Zoeloenaam Manukosi was.[22] Manukosi was 'n generaal van Tsjaka, wat afvallig geword het en omstreeks 1830 na Mosambiek gevlug het. Hier het hy die Limpopogebied ingetrek en een stam na die ander verower of uitgeroei. In 1833 en 1834 het hy die Portugese in Lourenço Marques en Inhambane aangeval en verdryf. Hy het sy stam geleidelik al langs die Limpopo noordwaarts geneem en op verskillende plekke langs die rivier statte gebou. Ten slotte het hy hom by Mosappa ver noord van Pafuri gevestig. Op een tydstip was sy stat in die omgewing van die huidige Masambo op die regterwal van die rivier en hier het hy die kaptein Masambo en sy volk onderhorig gemaak.[23] In Louis Trichardt se dagboek kom 'n betekenisvolle aanwysing voor, nl. dat Sakana en Manukosi een en dieselfde persoon is.

Nadat Trichardt die Portugese in kennis gestel het dat die Van Rensburgtrek vermoor is, het hy 'n antwoord van die kommandant van die fort Lourenço Marques ontvang dat die Portugese en Dingaan 'n strafekspedisie teen Sakana wil stuur omdat hy die Van Rensburgers vermoor het.[24] Die Portugese was natuurlik bewus dat die Zoeloekoning nog graag vir Manukosi vir sy afvalligheid sou wou straf. Dit is moeilik om aan te neem dat die Portugese en die Zoeloes 'n gemene saak teen enige ander inboorlingkaptein in Mosambiek sou maak. In Sakana se geval was daar wel rede vir gesamentlike militêre aksie veral omdat die Portugese Manukosi se aanvalle op Lourenço Marques van 'n paar jaar te vore nog nie vergeet het nie.

Manukosi se dwingelandy het hom van die Limpopo tot die Indiese oseaan oppermagtig gemaak. Wit of swart wat deur sy land wou trek moes die pad vra, d.w.s. toestemming kry om deur sy gebied te reis. Van Rensburg moes ook die pad vra omdat hy van die Limpopo deur Manukosi se land na Inhambane wou trek. Sodoende het die Van Rensburgers in noue aanraking met Manukosi gekom en kon die buitgierige kaptein sien hoeveel vee die witmense gehad het.

Verdere bevestiging dat Manukosi die moord op die Van Rensburgers

---

21. Die Huisgenoot, 26.7.1929. In G. G. Rousseau se artikel van Jan Pretorius se reis praat Breggie Pretorius van Sogana.
22. Louis Trichardt skryf die naam, Sakkana, Sakana en Jan Pretorius Zakana, Zakkana.
23. Die inligting dat Manukosi by Masambo gewoon het is verkry van 'n kleinseun van een van Manukosi se indoenas. Hy vertel dat Manukosi naby die drif in die Limpopo by Masambo gewoon het. Hy sê dat Manukosi die bynaam Sakana gehad het omdat hy soveel mense dood gemaak het. Sakana beteken sleg.
24. Preller, Dagboek van Louis Trichardt, p. 138.

TERREIN VAN DIE VAN RENSBURG-MOORD



Foto: Dagbreek.

*Moordterrein tussen die Djindi en Limpopo. Op die agtergrond is een van die reuse kremetartbome. Regs met helm, is die Administrateur van Gija, mnr. A. vaz da Silva.*

gepleeg het, is afkomstig van N. T. Buhrmann van Lydenburg. In sy geskrifte skryf hy dat die Volksraad van Ohrigstad in 1848 besluit het om Manukosi te straf vir die „moorden gepleegd aan de geheelen trek onder Johannes van Rensburg".[25] Na ons mening is Louis Trichardt se Sakana die Zoeloe kaptein Manukosi, ook genoem Shoshongana, die vader van die Sjangaans.

Hoe, waar en wanneer het die moord plaasgevind? Uit verskeie bronne en gegewens kan ons die aanval op die Van Rensburgtrek weergee. Ons sal die witmense se bewerings nagaan nadat hulle by Sakana aangekom het.

Volgens ons trekafstandberekening het Van Rensburg in die laaste week van Julie 1836 by Manukosi se stat aangekom. Vir die naturelle moes die koms van soveel witmense 'n groot gebeurtenis gewees het. Veral die groot kuddes beeste en skape het die naturelle se aandag getrek. Vee was by hulle uiters skaars want dit was tsetsevlieggebied en Manukosi het steeds in ander gebiede gaan vee roof want in sy land kon alleen bokke dit uithou. Die honderde beeste en skape van die Boere was dus 'n begerige buit vir Manukosi en sy volk.

Louis Trichardt se dagboek is ons vernaamste bron van hoe die Van Rensburgmoord plaasgevind het,[26] en met behulp van ander dokumentêre gegewens, oorlewering en terrein ondersoeke, kan 'n getroue weergawe van die groot tragedie verkry word.[27]

Die Van Rensburgers het drie myl suid van Sakana se stat langs 'n voetpad op die regterwal van die Limpopo gaan uitspan. Die kakebeenwaens is nie in laer getrek nie maar in 'n lang lyn agtermekaar uitgespan.[28] Vier of vyf van die waens het oor 'n afstand van 150 treë aan die noordekant van die Djindi gestaan, maar die res was reeds deur die drif en was vir 200 tree aan die suidekant uitgespan. Die uitspanplek was oop en op die terrein het groot kremetartbome gestaan, waarvan verskeie reuse vandag nog die terrein versier.

'n Honderd tree oos van die waens was die Limpoporivier wat in die wintermaande bra min water bevat. Die walle aan die regterkant is baie steil en op die linkerwal is 'n reuse moeras. In die rivier is vandag nog 'n groot seekoeigat en effens suid daarvan 'n uitgestrekte eiland waar 'n voetpad deur die rivier na Inhambane gaan. Die drif is ongeveer een myl van die moordtoneel en waarskynlik was die Voortrekkers van plan om die volgende dag deur die Limpopo te trek.


Volgens die naturelle wat Louis Trichardt in Zoutpansberg ondervra het,

---

25. Die geskrifte is in 1850-1860 opgestel.
26. Preller, Dagboek van Louis Trichardt, p. 37.
27. Hierdie gegewens is op verskeie navorsingsekspedisies verkry en strek oor 'n twintig jaar.
28. Inligting deur kaptein Masambo en sy volk in September 1959 aan die Parkeraadekspedisie verskaf.

# TERREIN van die VAN RENSBURG MOORD JULIE 1836

## SOOS VASGESTEL deur die PARKERAADEKSPEDISIE 1959 en NAVORSING van Dr. W. PUNT



het Van Rensburg van sy tweede laaste uitspanplek by Sakana die pad 5 myl vorentoe tot oor die Djindi by die groot seekoeigat gaan verken. Hier het die Van Rensburgers seekoeie geskiet en aan Sakana se volk geskenk.[29] Ten spyte van die kaptein se waarskuwing dat Van Rensburg nie verder moet trek nie omdat 'n Zoeloe impi die nag sou kom, het die Voortrekkers die dag tog na die Djindi getrek.[30] Van Rensburg het die dag skynbaar laat op die uitspanplek aangekom anders sou hy wel met al 9 waens deur die Djindi getrek het. Osse en vee het vir veiligheid soos altyd langs die waens gaan lê en die laaste nag vir die Van Rensburgtrek het op hul uitspanning tussen die reuse kremetarte in die oerwoud van Mosambiek neergedaal.[31]


Laat die nag word Van Rensburg se laer plotseling deur 'n Zoeloe impi onder bevel van 'n indoena Malitel aangeval. Die aanval het uit 'n suidelike rigting gekom en die eerste paar waens is spoedig oorrompel. Maar die Boere het in die donkernag 'n verbete stryd voortgesit en na die agterste waens begin terugval. Die naturelle het tussen die ossewaens ingedring en die heldhaftige Voortrekkers is in vier groepe verdeel. Drie groepe is oorweldig maar die vierde klomp het so sterk weerstand gebied dat die Zoeloes verskeie kere teruggeslaan is. Maar die Boer se ammunisie het teen dagbreek begin opraak.[32]

Toe die Zoeloes dit bemerk het hulle die witmense se beeste onder die groepie Voortrekkers ingeja. Die naturelle het agter die beeste geskuil en sodoende tussen die Van Rensburgers gekom en al die mense op gruwelike wyse vermoor. Alleen die twee kinders van Van Wyk, 'n seuntjie van ses en 'n dogtertjie van 4 jaar, is die afgryslike nag deur 'n Zoeloe-kryger onder sy skild uitgekeer en gespaar. Niemand anders van die Van Rensburgtrek, selfs nie eers bediendes — het oorgebly nie. Van die naturelle het ongeveer 'n dertigtal gesneuwel en die aanvoerder, Malitel, is gewond.[33].

Die inligting dat twee kinders die tragiese nag oorleef het, is van Jan Pretorius afkomstig. Hy meld in sy brief aan Trichardt dat hy die gehuil van wit kinders in Sakana se struis gehoor het.[34] Pretorius was aan die einde van 1836 by die moordtoneel en toe was die kinders dus nog in die lewe. Die kinders is kort daarna aan die koors oorlede, want toe Karel Trichardt in die

---

29. Preller, Dagboek van Louis Trichardt, p. 39.
30. Lang Hans se antwoord sou gewees het dat die Zoeloes maar kan kom, hulle sal hom nie baasraak nie. Van Rensburg se selfversekering kom ooreen met sy houding te Strydpoort.
31. 'n Paar van die kremetarte wat in 1938 gestaan het is dood en in 1959 was niks meer van die reuse te sien nie.
32. Trichardt se waarskuwing by Strydpoort was profeties en is tragies bewaarheid.
33. Die naturelle by Massingere het ons in November 1958 vertel dat Malitel jare na die moord by die saamloop van die Olifants en Limpopo gewoon het.
34. Preller, Dagboek van Louis Trichardt, p. 28.


TERREIN van die VAN RENSBURG MOORD
JULIE 1836
SOOS VASGESTEL deur die PARKERAADEKSPEDISIE 1959
en NAVORSING van Dr. W. PUNT
N
W
O
S
Limpoporivier
Kremetart
Geveg eindig hier
Mahoniehout
Drif
Djindi
Kremetart
Zoeloe aanval begin
Na saamloop van die Olifants en Limpopo
Na drif
100 50 0 100 200 300
Jaarts — Yards
Aambeeld 100 Jaar gelede gevind
Waens van Van Rensburgtrek uitgespan
Kopiereg W Punt Copyright